**Donderdag 6 Oktober**

**Skrifgedeelte: Handelinge 20:17-32 (1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Handelinge 20:32**

## Hou vas aan die Woord waarin u onderrig is om opgebou te word en in die seëninge te deel

Afskeid is nooit maklik nie. ’n Kind gaan uit die huis of op reis. ’n Geliefde emigreer. Daar is altyd kommer of die persoon voldoende toegerus is vir dit wat voorlê. Ouers is bekommerd oor hulle kinders en kinders oor hulle ouers. Is u voldoende toegerus om enduit vol te hou?

Paulus is besorg oor die jong gemeente in Efese waar hy soveel werk gedoen het. Hy is op pad na Jerusalem, oortuig dat die Heilige Gees hom lei, met die bydraes vir die gemeente in nood. Hy vermaan en bemoedig die ouderlinge van Efese om goed wag te hou oor die kudde wat God aan hulle toevertrou het. Dit is ’n kudde wat Hy verkry het deur die bloed van sy eie Seun. Paulus is nugter oor die dwaalleer en die wolwe wat die kudde sal binnedring. Satan wil verwoes wat God gebou het. Hulle moet vasstaan in die geloof en met hulle hart bely dat Jesus die Christus is.

Hy kyk terug na die werk wat Hy onder hulle gedoen het. Hy is oortuig dat Hy hulle volledig onderrig het in die Woord van die Here. Nou vertrou hy hulle aan God en die woord van sy genade toe. Die Woord is magtig om u op te bou en te laat deel in die seëninge wat Hy belowe het.

Lees die Woord elke dag sodat u deur Hom opgebou word om in die seëninge te deel wat Hy as erfdeel belowe het.

*Sing: Skrifberyming 15-7:4, 6*

*Prof. SJ (Sarel) van der Merwe (Mafikeng)*